



Week 2

Voorbereiding vir Jesus se dood en begrafnis

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Markus 14:1-11

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Net enkele dae tevore, soos ons in Markus 11 lees, het Jesus Jerusalem soos 'n koning binnegery. Nou, in Markus 14, twee dae voor die Pasga en die Fees van die Ongesuurde Brode, beraam die priesters en wetsgeleerdes om Jesus te arresteer en in die geheim dood te maak.

Hierdie godsdienstige leiers het God nie gevrees nie, maar hulle het die mense gevrees. Hulle was nie bang om die Seun van God te vermoor nie; hulle het net geglo hulle moet dit op 'n polities slim manier doen, sodat die mense nie teen hulle in opstand sou kom nie.

Salwing met olie is tradisioneel geassosieer met die keuse en bevestiging van Israel se konings. In hierdie geval het Maria egter 'n baie duur parfuim, nardus, gebruik. Parfuim is tradisioneel gebruik om oordadig oor 'n liggaam te giet ter voorbereiding vir die begrafnis. Jesus

was dus in hierdie geval beide as Koning gesalf en vir sy begrafnis voorberei.

STUDIEVRAE:

Lees Markus 14:1-2. Waarom was die godsdiensteleiers daarop ingestel om Jesus dood te maak? (Verwys na Markus 3:4-6 en Johannes 7:48-49) Waarom wou hulle dit in die geheim doen?

.....
.....

Lees Markus 14: 3. Wat het gebeur terwyl Jesus by die huis van Simon was? Wie was hierdie vrou – volgens Johannes 12:3?

.....
.....

Lees Johannes 12:3-5. Beskryf die parfuim wat Mary gebruik het. Wat dink jy het Mary aangespoor om dit te doen?

.....
.....

Lees Markus 14:4-5. Hoe reageer die dissipels op Maria wanneer sy haar bottel parfuim oor Jesus uitgiet? Watter

voorstelle gee hulle vir ander moontlike gebruike van die parfuum?

.....
.....

Lees Markus 14:6-7 Hoe reageer Jesus op Maria se optrede?

.....
.....

Hoekom sê Jesus dit was goed vir Maria om te doen wat sy gedoen het?

.....
.....

Lees Markus 14:8. Jesus gee dan, met die oog op Sy naderende kruisiging, 'n verdere rede waarom Maria gedoen het wat sy gedoen het. Wat is hierdie rede?

.....
.....

Lees Markus 14:9. Jesus maak 'n stelling oor wat Maria gedoen het. Wat was hierdie stelling, en het dit waar geword?

.....
.....

Lees Markus 14:10-11. Hierdie gebeure het 'n reaksie van Judas Iskariot uitgelok. Wat het hy gedoen?

.....
.....

Wat was die priesters en wetgeleerdes se reaksie op hierdie wending van gebeure met betrekking tot een van Jesus se dissipels?

.....
.....

Hoe het Judas van hierdie punt af sy tyd gebruik?

.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Die tyd van hierdie gebeure is betekenisvol, want tydens die Pasga was daar nie net 'n groot verwagting vir die koms van die Messias nie, maar Jerusalem was ook stampvol met hierdie Messias-verwagte menigtes. Aangesien Pasga die tyd herdenk van toe God 'n groot verlosser opgewek het en Israel van vreemde onderdrukking bevry het, was dit 'n tyd van groot patriotiese en Messiaanse afwagting. Die Romeine was op hul hoede en gereed vir enige sweempie van opstand.

Die godsdienstige leiers wou Jesus nie tydens die Paasfees doodmaak nie, maar hulle het dit toe in elk geval gedurende daardie tyd gedoen. Dit wys duidelik dat Jesus in bevel was en alhoewel die leiers volgens die bese neiging van hulle harte opgetree het, het hulle optrede die profesie en die plan van Jesus vervul.

Hierdie salwing van Jesus is nie dieselfde gebeurtenis as toe 'n sondige vrou die albaste boks met salf gebring het, dit gebreek en Jesus se voete gesalf het nie. Daardie geleentheid was kosbaar, maar dit was anders omdat die vrou oorweldig was met die besef van haar eie sondigheid en aanbidding van haar vergewende Heer. Dit lyk asof Maria gefokus is op Jesus alleen, nie eers op haar eie vergifnis van sonde nie. Dit is 'n wonderlike ding om Jesus lief te hê vir alles wat Hy vir ons gedoen het; dit kan nog wonderliker wees om Hom lief te hê bloot vir wie Hy is in al Sy wonder en majesteit.

Om 'n albaste fles van baie duur parfuum te hê, was 'n buitensporige vertoon van toewyding aan Jesus. Dikwels is speserye en salf as beleggings gebruik omdat hulle klein en draagbaar was en maklik verkoop kon word. Markus se bewoording dui egter daarop dat Maria die hele inhoud van die bottel oor die kop van Jesus uitgegiet het.

Maria het na die leer van Jesus geluister en geglo op 'n manier wat die ander dissipels eenvoudig nie gedoen het nie. Toe Hy gesê het dat Hy oorgelewer sou word in die hande van goddelose mense en bespot en gezesel en gekruisig sou word, het sy dit geglo. Dit blyk dat die dissipels nie aan die dood van Jesus wou dink nie. Toe Petrus daarvan hoor, het hy probeer om Jesus daaruit te praat. Maria het 'n ander tipe toewyding gehad, en in plaas daarvan om oor Sy dood te debatteer of dit te ontken, het sy dit in 'n geleentheid van diepe toewyding verander.

GROEPBESPREKING

Gebed

Terugblik

Deel met die groeplede hoe God hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing

Markus 14:1-11, Johannes 12:1-7

Besprekingsvrae

Gebruik beide die verslag wat in Markus gegee is (sien Markus 14:3) sowel as dié in Johannes (sien Johannes 12:3), en beskryf wat Maria aan Jesus gedoen het.

Was Maria verplig om haar parfuim oor Jesus uit te stort?
Hoekom het sy dit gedoen?

Hoe reageer die dissipels teenoor Maria wanneer sy haar bottel parfuim op Jesus leegmaak?

Hoe reageer Jesus?

Het jy al ooit 'n spesiale geskenk aan Jesus gegee? Sal jy 'n spesiale geskenk aan Jesus gee, al kan dit verkeerd verstaan word? Bespreek in die groep.

Jesus gee Judas en Sy ander dissipels opdrag om Maria met rus te laat. Is dit ooit moontlik vir ons om te oordadig te wees in ons liefde vir die Here Jesus, in ag genome wat Hy vir ons gedoen het? (Verwys na Filippense 2:6-8.)

Sluit in gebed